



BITRAD BIGRASS



Reg.No. L9419 Act No. 36 of 1947

Reg.Nr. L9419 Wet Nr. 36 van 1947

READ ATTACHED LABEL BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS

LEES DIE INGESLOTE ETIKET VOOR GEBRUIK
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS EN DIERE

HERBICIDE GROUP N

An emulsifiable concentrate pre-emergence herbicide for the control of wild oats and ryegrass in wheat and barley.



ONKRUIDDODER GROEP N

'n Emulgeerbare konsentraat vooropkom onkruidddoder vir die beheer van wildehawer en raaigras in koring en gars.

Hazard Statements:

Harmful if swallowed and may be fatal if it enters airways. Causes serious eye damage. May cause allergic skin reaction. May cause damage to organs through prolonged repeated exposure. Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

Precautionary statements:

Do not breathe dust, fumes, mist, vapours or spray. Do not eat, drink, or smoke when using this product. Contaminated work clothing should not be allowed out of the workplace. Avoid release to the environment. Wear PPE. Wash hands, face, and any exposed skin thoroughly after handling. Do not touch eyes.

DANGER

ACTIVE INGREDIENT

Triallate (thiocarbamate)

.....480 g/litre.....

AKTIEWE BESTANDDEEL

Triallate (tiokarbamaat)

Net Volume

Netto Volume

Registered by/Geregistreer deur:
BITRAD CONSULTING (PTY) LTD

41 Rudolph Str, Sunderland Ridge, Centurion. Tel: 012 666 7331

BATCH NUMBER
DATE MANUFACTURED

LOTNOMMER
DATUM VERVAARDIG

Expiry date



Vervaldatum

< 2 years/jaar

UN No.
Emergency number

3082
082 446 8946

VN nr.
Noodnommer

BITRAD BIGRASS®

Reg. No. L 9419 (Act/Wet No. 36 of/van 1947)

HRAC HERBICIDE GROUP CODE	N	HRAC ONKRUIDDODERGROEPKODE
---------------------------	---	----------------------------

An emulsifiable concentrate pre-emergence herbicide for the control of wild oats and ryegrass in wheat and barley.

'n Emulgeerbare konsentraat vooropkoms onkruidodder vir die beheer van wildehawer en raaigras in koring en gars.

REGISTERED BY: / GEREISTREER DEUR:

BITRAD CONSULTING (PTY) LTD, Co./Mpy Reg. No. 2002/025636/07

PO Box 51454, WIERDAPARK 0149

WARNINGS

• Hazard Statements

Harmful if swallowed and may be fatal if it enters airways
Causes serious eye damage
May cause allergic skin reaction
May cause damage to organs through prolonged repeated exposure
Very toxic to aquatic life with prolonged effects

- **Re-entry:** Do not enter treated area until spray deposit has dried or unless wearing protective clothing.
- **Aerial Application:** Do not apply by means of an airplane.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of weeds against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

• Prevention

Do not breathe fumes/vapours or spray mist
Do not eat, drink or smoke when using this product
Wash hands thoroughly after handling. Do not touch eyes
Wear protective gloves, - clothing, eye - and face protection
Contaminated clothing should not be allowed out of the workplace
Avoid release to the environment. Prevent drift of spray mist onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment

• Response

Get medical help if you feel unwell
Specific treatment. See Note to Physician
If Swallowed: Get emergency medical help immediately. Rinse mouth. Do not induce vomiting

If in Eyes: Immediately rinse with water for minimum 15 minutes
If on Skin: Wash with plenty of water.
Collect spillage
• Storage
Store behind lock and key, away from food and feed in cool ventilated area
• Disposal
Triple rinse empty container in the following manner: Invert the empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter, rinse the container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 percent of that of the container. Add the rinsing to the contents of the spray tank
Dispose empty containers to an approved recycling facility in accordance with local and national regulations
Clean application equipment after use and dispose of wash water where it will not contaminate the environment

RELEVANT SUBSTANCES

Hazardous Component	Weight %	GHS Classification
Triallate	30 - 60	Acute Oral Toxicity, Category 4 Skin Sensitization, Category 1 STOT RE, Category 2 Acute & Chronic Aquatic Toxicity, Category 1
Heavy Aromatic Petroleum Solvent	30 - 60	Aspiration Toxicity, Category 1 Flammable liquid, Category 3
Alkyl benzenesulfonic acid, Calcium salt	<10	Skin Irritation, Category 2 Serious Eye Damage/irritation, Category 1
Isobutyl Alcohol	<10	Flammable Liquid, Category 3 Skin Irritation, Category 2 Serious Eye Damage/Irritation, Category 1 STOT SE, Category 3

FIRST AID:

Refer to **Responses** under PRECAUTIONS and get medical attention immediately. Keep label available for physician.

NOTE TO PHYSICIAN:

Gastric lavage should be considered within the first two hours of significant ingestion.

Activated charcoal can be considered for significant ingestion.

Persons suffering with temporary allergic skin reactions may respond to treatment with oral antihistamines and topical or oral steroids.

No antidote is available. Treat symptomatically.

RESISTANCE WARNING

BITRAD BIGRASS is a member of the thiocarbamate group of herbicides (group N). Some naturally occurring grass weed biotypes resistant to **BITRAD BIGRASS** and other group N herbicides, may exist through normal genetic variability in a weed population. These resistant weeds can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds will not be controlled by **BITRAD BIGRASS** or by other group N herbicides.

To delay the selection of resistant weeds:

- Integrate tillage or other mechanical control methods (including non-selective herbicides during the fallow period) into weed programmes whenever practical.
- Avoid the repeated use of herbicides of the same mode of action groups. Plan crop rotations to allow the use of herbicides from different mode of action groups.
- Maintain herbicide records for each field to prevent repeated use of the same herbicide on the same field.
- Prevent movement of resistant weed seeds and vegetative material to other fields by cleaning harvesting and tillage equipment and by planting clean seed.
- Inspect each land annually to identify the development of resistance early.
- Resistance is only manifested **after** product use. Inspect treated fields shortly after crop has germinated, to identify the presence of resistant wild oats seedlings as early as possible and to enable post-emergence applications with appropriate herbicides.
- If the abovementioned preventative measures are not strictly adhered to, the registration holder cannot be held responsible should **BITRAD BIGRASS** fail to control resistant weeds.

Note: Sub-standard applications will lead to unsatisfactory control of weeds and assist in the development of resistance.

MODE OF ACTION:

BITRAD BIGRASS inhibits the biosynthesis of long fatty acids (lipids).

USE RESTRICTION:

Do not apply more than once on the same area in one growing season.

DIRECTIONS FOR USE

Use only as indicated.

APPLICATION PARAMETERS

BITRAD BIGRASS gives best results when applied to finely cultivated seedbeds with good soil moisture conditions which activate the product to evaporate and the vapour to disperse in the treated soil layer, controlling the listed grass weed species.

The following application directions are imperative for acceptable control of the relevant grass weeds with **BITRAD BIGRASS**:

- **BITRAD BIGRASS cannot** be used in broad sown planted fields.
- **BITRAD BIGRASS** can only be applied with the Ausplow/Ausseeder principle of planting and soil incorporation.
- **Emerged weeds:** The product is strictly a pre-emergence grass herbicide and weeds already emerged, will not be controlled. Emerged weeds should be controlled in time, either mechanically or with post-emergent herbicides, to ensure that the dead weed residues do not cause difficulties during incorporation of **BITRAD BIGRASS** with the planter, by limiting the free flow of soil through the planter tines.
- **Seedbed condition:** The seedbed should be fine without any large clods. The fumigation action of product is limited in large compacted clods. Grass weed seeds germinating in such clods will not be controlled and clods will favour the escape of product vapour from the soil layer.
- **Soil and soil moisture conditions:**
Heavy soils, compacted soils and very wet soils: Incorporation of product may be more difficult. The soil tends to smear and compact, rather than flowing freely through planting equipment. Special attention and care should be given to seedbed preparation in such cases. Crop injury may occur where soils are saturated with water or compacted by cultivation equipment.
Dry soils: In very dry soils (approximately 3 cm of top layer), grass weeds may not be controlled due to lack of soil moisture to activate product to the fumigation phase.
- **Incorporation timing:** Incorporate the product applied to the soil surface as soon as possible after application with appropriate tine planter.

- **Planter equipment:** The correct placement of the product upon incorporation is crucial for good weed control whilst obtaining optimal crop safety. Use the correct planter type with correct tine spacing for **optimal depth and strip incorporation** of product in the inter rows.
- **Planting speed:** Rule of thumb is planting speed **above** 6 km per hour. However, depending on soil type and condition, planting speed should **not** be too fast to prevent that treated soil of the inter rows, is thrown onto the untreated soil of the seeded plant rows.
- **Planting depth:** Depth of placement of crop seed should be between 2 and 4 cm. When planting seed shallower than 2 cm, the risk increases for germinating crop to come in contact with treated soil and crop damage as a result.
- **Soil persistence of product:** Under normal soil moisture conditions, product activity lasts for approximately 6 to 8 weeks. Any listed weeds germinating **after** this period, will not be controlled. If drought situations necessitate planting of follow-up crops, it should only be done **after** 8 weeks of receiving good penetrating rains.

COMPATABILITY

BITRAD BIGRASS is compatible with **TRIFLIN** (trifluralin 480 EC) (Reg. No. L) and **SYNCRO** (triasulfuron 750 WP) (Reg. No. L7497) for the control of rye grass and wild oats in wheat and **SYNCRO** for the control of wild oats in barley. The compatibility of **BITRAD BIGRASS** with other chemicals is unknown and may be influenced by the formulation of the other products as well as the quality of the dilution water. As formulations change from time to time and it is not possible for Bitrad Consulting (Pty) Ltd to test all possible combinations, it is recommended to carry out a compatibility test on a small scale if tank mixtures are considered. Small quantities of the products to be used, in the correct proportion, should first separately be diluted with water and then mixed together, while constantly stirring, to check for any signs of incompatibility e.g. flocculation. Consult the supplier if in doubt.

When **BITRAD BIGRASS** is used in combination with any other agrochemical, the warnings, precautions and directions for use mentioned on that label of the other agrochemical, must be adhered to.

MIXING INSTRUCTIONS

- Fill spray tank to approximately half the spray volume required with clean water.
- Start agitating the water and add the required volume of product to the water in the spray tank and mix thoroughly.
- Thereafter, add the **SYNCRO** or **TRIFLIN** which has been pre-mixed with a small volume of water to form a creamy paste or even emulsion.
- Fill the spray tank with clean water to the required spray volume
- Do not use alkaline or muddy water.
- Do not leave spray mixture in the spray tank overnight for later use.

GROUND APPLICATION

Product characteristics make **BITRAD BIGRASS** suitable for **ground application only**.

Application is a two tier activity in one operation with a tine planter incorporator fitted with spray boom and nozzles.

Spraying

Apply 80 to 300 liter spray mixture per hectare at an operating pressure of 100 to 200 kPa and constant ground speed of minimum 6 km per hour. (See note on “**Planting speed**” under “**APPLICATION PARAMETERS**”).

Ensure an even coverage of the target area, using boom fitted with flat fan nozzles. Limit the number of atomised droplets (very small droplets) by using a low spray pressure.

The use of high spray volumes per hectare may assist with a better moisture regime at application.

Do not use gravity flow applicators.

Incorporation

Depending on soil type and condition, set **blade width**, **tine spacing** on planter and **planting speed**, to ensure even incorporation but preventing displacement of treated inter row soil onto the plant seed row. (See note on “**Planting speed**” under “**APPLICATION PARAMETERS**”).

APPLICATION TABLE

Carefully study the “APPLICATION PARAMETERS”.

For use in the western and southern Cape only.

Refer to the TRIFLIN and SYNCRO labels for details.

CROP	WEED CONTROLLED	DOSE RATE	REMARKS
Wheat <i>Triticum aestivum</i> & Barley <i>Horidum vulgare</i>	Wild oats <i>A. fatua</i>	1,7 ℓ/ha OR	Apply as an incorporated treatment at planting. OR
		1,7 ℓ/ha plus <u>or</u> followed by 30 g/ha SYNCRO	Apply the tank mixture of BIGRASS and SYNCRO as an incorporated treatment at planting. <u>or</u> Apply BIGRASS as an incorporated treatment at planting, followed by an application of SYNCRO applied post plant to enhance control of broad-leaved weeds.
	Ryegrass <i>Lolium</i> spp. and Wild oats <i>A. fatua</i>	3,0 ℓ/ha plus <u>or</u> followed by 30 g/ha SYNCRO OR	Apply the tank mixture of BIGRASS and SYNCRO as an incorporated treatment at planting. <u>or</u> Apply BIGRASS as an incorporated treatment at planting followed by an application of SYNCRO applied post plant to enhance control of broad-leaved weeds, ryegrass and wild oats. OR
		1,7 ℓ/ha plus 1,5 ℓ/ha TRIFLIN	Apply this tank mixture as an incorporated treatment at planting.

TRIFLIN (480 g/ℓ trifluralin EC) and **SYNCRO** (750 g/kg triasulfuron WP) are registered trademarks.

WAARSKUWINGS

- **Gevaar klousules**

Skadelik indien ingesluk an dodelik indien dit lugweë indring
Veroorsaak ernstige oogskade
Mag allergiese velreaksie veroorsaak
Mag orgaanskade veroorsaak met langdurige herhaaldelike blootstelling
Uiters giftig with waterlewe met langdurige effek

- **Herbetreding:** Moet nie behandelde gebied betree voordat bespuiting afgedroog/ingewerk is tensy beskermende klere gedra word nie.
- **Lugtoediening:** Moet nie toedien met 'n vliegtuig nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- **Voorkoming**

Moet nie dampe of spuitnewel inasem nie
Moet nie eet, drink of rook tyerwyl produk gebruik word nie
Was hande deglok na hantering. Moet nie oë aanraak nie
Dra beskermende handskoene, -klere, oog- en gesigbeskerming
Besoedelde klere behoort nie buite die werkplek toegelaat te word nie
Voorkom vrystelling in die omgewing. Verhoed dat spuitnewel dryf na ander gewasse, wieding, riviere, damme en gebiede wat nie behandel word nie

- **Reaksie**

Kry mediese hulp indien persoon sleg voel
Spesifieke behandeling. Sien Nota aan Geneesheer
Indien Ingesluk: Kry onmiddellike mediese noodhulp. Spoel mond. Moet nie braking induseer nie
Indien in Oë: Spoel oë onmiddelik met water vir ten minste 15 minute
Indien op Vel: Was met volop water
Versamel vermorsing

- **Storing**

Stoor agter slot en Grendel, weg van voedsel en voer in koel deurlugte plek

- **Wegdoening**

Spoel die leë houer driekeer as volg: Keer die leë houer om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 persent van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk
Verskaf leë houters aa naan goedgekeurde hersikleringsfasiliteit volgens plaaslike en nasionale regulasies

Maak toediening toerusting skoon na gebruik en doen weg met waswater waar dit nie die omgewing kan besoedel nie

BETROKKE MATERIALE

Gevaarlike Komponente	Massa %	GHS Klassifikasie
Triallate	30 - 60	Akute Orale Toksisiteit, Kategorie 4 Vel Sensitering, Kategorie 1 STOT RE, Kategorie 2 Akute & Kroniese Waterlewe Toksisiteit, Category 1
Swaar Aromatiese Petroleum Oplosmiddel	30 - 60	Asemhaling Toksisiteit , Kategorie 1 Vlambare vloeistof, Kategorie 3
Alkiel benseensulfoniese suur, Kalsium sout	<10	Vel Irritasien, Kategorie 2 Ernstige Oogskade/Irritasie, Kategorie 1
Isobutiel Alkohol	<10	Vlambare vloeistof, Kategorie 3 Vel Irritasie, Kategorie 2 Ernstige Oogskade/irritasie, Kategorie 1 STOT SE, Kategorie 3

EERSTEHULP:

Verwys na **Reaksie** onder VOORSORGMAATREËLS en kry onmiddelik mediese hulp. Stel etiket beskikbaar aan geneesheer.

NOTA AAN GENEESHEER:

Maagspoeling kan oorweeg word binne twee uur na inname en toediening van ge-aktiveerde koolstof na betekenisvolle inname. Persone met tydelike velreaksies mag reageer op mondelingse toediening van antihistamiene asook mondelingse - en vel toedienings van steroïdes.

Geen teenmiddel is beskikbaar nie. Behandel simptome.

WEERSTANDWAARSKUWING:

BITRAD BIGRASS behoort tot die tiokarbamaat groep onkruid doders (groep N). Sommige onkruidbiotipes, weerstandbiedend teen **BITRAD BIGRASS** en ander groep N onkruid doders, mag natuurlik voorkom deur normale genetiese variasie in die onkruidpopulasie. Hierdie weerstandbiedende onkruid kan uiteindelik die populasie domineer indien hierdie onkruid doders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal nie beheer word deur **BITRAD BIGRASS** of ander N-groep onkruid doders nie.

Om die seleksie van weerstandbiedende onkruid te vertraag:

- Integreer grondbewerking of ander meganiese beheermetodes (ingesluit die gebruik van nie-selektiewe onkruid doders op braaklande) met onkruidbeheerprogramme waar praktiese moontlik.
- Voorkom die herhaalde gebruik van onkruid doders met dieselfde metode van werking. Beplan wisselbou om die gebruik van ander onkruid doders (uit ander groepe) met verskillende werkingsmetodes moontlik te maak.
- Hou rekord van onkruid doders gebruik vir elke land om te voorkom dat dieselfde onkruid doder herhaaldelik gebruik word op dieselfde land.
- Voorkom die verspreiding van weerstandbiedende onkruid se saad of steggies na ander lande deur implemente en oesmasjiene skoon te hou en plant skoon saad.
- Inspekteer elke land jaarliks om die ontwikkeling van weerstand vroeg te identifiseer.

- Onkruidweerstand kan eers bevestig word **nadat** produk gebruik is. Inspekteer behandelde lande kort nadat gewas ontkiem het om die voorkoms van weerstandbiedende onkruid so goue as doenlik te bevestig en om na-opkomtoedienings met geskikte onkruidodders moontlik te maak.
- Indien bovermelde voorkomende maatreëls nie streng nagekom word nie, kan die registrasiehouer nie verantwoordelik gehou word indien **BITRAD BIGRASS** nie die weerstandige onkruid beheer nie.

Let wel: Sub-standaard toedienings sal lei tot onbevredigende beheer van onkruid wat kan bydra tot die ontwikkeling van weerstand.

WERKINGSMETODE:

BITRAD BIGRASS onderdruk die biosintese van lang vetsure (lipiedes)

GEBRUIKSBEPERKING:

Moet nie meer as een behandeling toedien op dieselfde gronde binne een seisoen nie.

GEBRUIKSAANWYSING

Gebruik slegs soos aangedui.

TOEDIENINGSRIGLYNE

BITRAD BIGRASS gee die beste resultate indien dit toegedien word op fyn bewerkte saadbeddings onder goeie grondvogtoestande, wat die produk aktiveer om te verdamp en die dampe versprei in die behandelde grondlaag wat die vermelde grasonkruid beheer.

Die volgende toedieningsriglyne is noodsaaklik om bevredigende beheer van die grasonkruid te verkry met **BIGRASS**:

- **BITRAD BIGRASS kan nie** gebruik word in breedwerpig gesaaide lande nie.
- **BITRAD BIGRASS kan slegs toegedien word met die “Ausplow/Ausseeder” beginsel van plant en grondinwerking.**
- **Onkruid wat reeds opgekom het:** Die produk is slegs ’n vooropkom onkruidodder en onkruid wat reeds opgekom het, sal nie beheer word nie. Onkruid wat opgekom het, moet vroegtydig meganies of met ’n onkruidodder beheer word om te verseker dat dooie onkruidresidue nie probleme veroorsaak met die inwerking van **BITRAD BIGRASS** in die grond in nie deur die vrye grondvloei deur die tande en tandskare van die planter te strem.
- **Saadbedtoestand:** ’n Fyn saadbed sonder groot klonte is noodsaaklik. Die berokingsaksie van die produk in groot kompakte klonte is beperk. Grasonkruidsaad wat in sulke klonte ontkiem, sal nie beheer word nie en klonte bevoordeel die ontsnapping van produkdampe uit die grondlaag.
- **Grond en grondvog toestande:**
Swaar gronde, gekompakteerde gronde en baie nat gronde: Inwerking van produk in grond in mag baie moeiliker wees. Sulke gronde neig om te smeer en te kompakteer, eerder as om vry deur inwerkingstande en skaartjies te vloei. Spesiale aandag moet gegee word aan saadbedvoorbereiding in sulke gevalle. Gewasskade mag voorkom waar grond versadig is met water of gekompakteer is deur bewerkingstoerusting.
Droë gronde: In baie droë grond (ongeveer 3 cm van bolaag), mag grasonkruid nie beheer word nie a.g.v. ’n tekort aan genoegsame grondvog om die produk te aktiveer tot die berokingsfase.
- **Tyd van inwerking:** Werk die produk wat op die grond toegedien is, so spoedig moontlik na toediening in met die toepaslike planter met tande en skare.
- **Plantertoerusting:** Die korrekte plasing van die produk met die inwerkingsaksie, is noodsaaklik vir goeie grasonkruidbeheer asook optimal gewasveiligheid. Gebruik die

korrekte plantertipe met die korrekte tandspasiëring en skaargroottes **vir optimal diepte en strookinwerking** van produk in die planttussenrye in.

- **Planterspoed:** 'n Praktiese reël is 'n spoed **bo** 6 km per uur. Die plantspoed moet egter aanpas by die grondtipe en grondtoestand en **nie** te hoog wees nie, om te voorkom dat behandelde grond van tussenrye oor die onbehandelde plantry gegooi word.
- **Plantdiepte:** Plaas die gewas se saad op 'n diepte van 2 tot 4 cm. Plantdieptes vlakker as 2 cm verhoog die risiko dat die ontkiemende gewas in kontak kom met die behandelde grond en gevolglik tot gewasskade lei.
- **Produkleeftyd in grond:** Onder normale grondvogtoestande is die produk vir ongeveer 6 tot 8 weke aktief. Die onkruide gelys wat **na** die tydperk ontkiem, sal **nie** beheer word nie. Indien droogtetoestande die aanplanting van opvolggewasse noodsaak, moet dit slegs gedoen word 8 weke na deurdringende reën geval het.

VERENIGBAARHEID:

BITRAD BIGRASS is verenigbaar met **TRIFLIN** (trifluralin 480 EC) (Reg. No. L) en **SYNCRO** (triasulfuron 750 WP) (Reg. No. L7497) vir die beheer van raaigras en wilde hawer in gars en koring en **SYNCRO** vir die beheer van wildehawer in gars. Die verenigbaarheid van **BITRAD BIGRASS** met ander chemikalieë is onbekend en kan beïnvloed word deur die formulering van ander produkte asook die kwaliteit van die verdunningswater. Aangesien formulering van tyd tot tyd verander en dit vir Bitrad Consulting (Pty) Ltd nie moontlik is om alle kombinasies te toets nie, word aanbeveel om 'n verenigbaarheidstoets op 'n klein skaal te doen indien tenkmengsels oorweeg word. Klein hoeveelhede van die produkte wat gebruik gaan word, in die korrekte verhoudings, moet eers afsonderlik vooraf met water gemeng word. Voeg hierdie mengsels dan bymekaar terwyl gedurig geroer word en let dan op vir tekens van onverenigbaarheid bv. flokkulasie. Raadpleeg die verskaffer indien daar enige twyfel bestaan.

Indien **BITRAD BIGRASS** saam met enige ander landbouchemiese middel gebruik word, moet al die waarskuwings, voorsorgmaatreëls en gebruiksaanwysings, soos aangedui op die etiket van die ander middel, nagekom word

MENGINSTRUKSIES

- Vul die spuittenk met skoon water tot ongeveer die helfte van die spuitvolume benodig.
- Skakel die roermeganisme aan en voeg die verlangde volume produk by die water in die spuittenk en meng deeglik.
- Voeg dan die **SYNCRO** of **TRIFLIN**, wat vooraf met 'n bietjie water gemeng is tot 'n gladde room of egalige emulsie, by.
- Vul die spuittenk met skoon water tot die verlangde spuitvolume.
- Moet nie alkaliese- of modderige water gebruik nie.
- Moet nie spuitmengsel oornag in spuittenk laat vir latere gebruik nie.

GRONDTOEDIENING

Produkeienskappe maak **BITRAD BIGRASS** slegs **geskik vir grondtoediening**.

Toediening is 'n tweevlak aksie in een bewerking met 'n tand inwerkingsplanter wat toegerus is met spuitbalk en spuitstukke.

Bespuiting

Dien 80 tot 300 liter spuitmengsel per hektaar toe teen 'n spuitdruk van 100 tot 200 kPa en konstante grondspoed van minstens 6 km per uur. (Lees nota oor "**Planter spoed**" onder "**TOEDIENINGS-RIGLYNE**").

Verseker 'n eweredige bedekking van die teikengebied met 'n spuitbalk toegerus met platwaaier spuitstukke. Beperk klein geatomiseerde druppeltjies (baie klein druppeltjies) deur 'n lae spuitdruk te gebruik.

Die gebruik van hoë spuitvolumes per hektaar, sal bydra tot 'n beter grondvog regime met toediening.

Moenie gravitasievloei toedieners gebruik nie.

Inwerking

Afhangende van die grondtipe en grondtoestand stel **skaarwydte** en **tandspasiëring** op die planter en **plantspoed** om te verseker eweredige inwerking. Maak seker dat behandelde grond van tussenrye, **nie** verplaas word na die onbehandelde plantry **nie**. (Lees nota oor “**Planter spoed**” onder “**TOEDIENINGSRIGLYNE**”)

TOEDIENINGSTABEL

Bestudeer “**TOEDIENINGS RIGLYNE**” noukeurig.

Vir gebruik slegs in die wes-Kaap en suid-Kaap.

Lees TRIFLIN en SYNCRO etikette vir besonderhede.

GEWAS	ONKRUID BEHEER	DOSIS	OPMERKINGS
Koring <i>Triticum aestivum</i>	Wilde hawer <i>A. fatua</i>	1,7 ℓ/ha OF	Dien as 'n grondinwerkingstoediening toe met plant. OF
		1,7 ℓ/ha plus <u>of</u> gevolg deur 30 g/ha SYNCRO	Dien die tenkmengsel van BITRAD BIGRASS en SYNCRO as 'n grondinwerkingstoediening toe met plant. <u>of</u> Dien BITRAD BIGRASS as 'n grondinwerkingstoediening toe met plant, gevolg deur 'n toediening van SYNCRO na plant om die beheer van breëblaar onkruide te verbeter.
	Raaigras <i>Lolium spp.</i> en Wilde hawer <i>A. fatua</i>	3,0 ℓ/ha plus <u>of</u> gevolg deur 30 g/ha SYNCRO OF	Dien die tenkmengsel van BITRAD BIGRASS en SYNCRO as 'n grondinwerkingstoediening toe met plant. <u>of</u> Dien BITRAD BIGRASS as 'n grondinwerkingstoediening toe met plant, gevolg deur 'n toediening van SYNCRO na plant om die beheer van breëblaar onkruide, raaigras en wilde hawer te verbeter. OF
		1,7 ℓ/ha plus 1,5 ℓ/ha TRIFLIN	Dien in 'n tenkmengsel toe 'n grondinwerkingstoediening toe met plant.

TRIFLIN (480 g/ℓ trifluralin EC) en **SYNCRO** (750 g/kg triasulfuron WP) is geregistreerde handelsmerke.